# DIE EVALUERING VAN 'N DEPARTEMENT IN SKOOL/KOLLEGE-OPSET

*Dr. Johan Olivier*
*Onderwyserskollege, Oudtshoorn*

Met die onlangse aanstelling van meer departementshoofde aan skole en onderwyserskolleges het ons moontlik nader beweeg aan die **ideaal** van die departementshoof as ware **vakhoof en onderrigleier.**

In dié verband is dit insiggewend om te kyk na 'n vraelys, "How to evaluate a history department", wat in TEACHING HISTORY van Junie 1979, pp. 14-15 verskyn het.[1] Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat (hoewel groter skole in ander omstandighede betrokke is) hier **hoë eise** aan die vakman gestel is.

Behalwe dat die vraelys interessante leesstof bevat, behoort die **vergelyking** daarvan met omstandighede in die R.S.A. ons 'n idee te gee in hoeverre **vernuwing** in die onderwys al hier te lande deurgewerk het die afgelope ses jaar.[2]

Vervolgens 'n ietwat verkorte en aangepaste weergawe van dié vraelys. Kollegas van **ander dissiplines** kan goedskiks elke keer die naam "Geskiedenis" met hul eie vak vervang en van toepassing op die **eie vak** maak.

1. USELF (EN DIE ANDER KOLLEGAS)

Hoeveel geskiedenisboeke het u die afgelope jaar gelees

— vir klaswerk?
— vir eie belangstelling?

Hoeveel historiese romans het u gelees?

Hoeveel boeke oor vakdidaktiek het u gelees?

Het u gereeld kontak gemaak met

— 'n historiese of argeologiese vereniging?
— vakverenigings en studiegroepe?
— onderwysersverenigings?

Hoeveel lesings, konferensies, kursusse het u vanjaar bygewoon?

Lees u gereeld

— vaktydskrifte (GISTER EN VANDAG, HISTORIA)
— DIE UNIE
— ander professionele tydskrifte?

Hoe gereeld het u gedurende die jaar besoeke gebring aan

— argiefbewaarplekke?
— museums (nasionaal en plaaslik)?
— 'n gespesialiseerde biblioteek?
— u plaaslike onderwysersentrum?
— u plaaslike kollege/universiteit?
— spesiale uitstallings?

Onderneem u gereeld navorsing

— van geskiedkundige aard?
— van opvoedkundige belang?

Hoe gereeld werk u saam met geskiedenisonderwysers/dosente

— in u eie inrigting?
— in u gebied/omgewing?

*Het u student gebly?

2. U ONDERWYS (EN DIE VAN DIE ANDER KOLLEGAS)

Neem die kwaliteit van u onderwys steeds toe?

Hoe deeglik beplan u u lesse/lesings?

Gebruik u die volgende hulpmiddels gereeld en doeltreffend

— 'n bandmasjien?
— skuifie/strookfilmprojektor?
— oorhoofse projektor?
— 16 mm filmprojektor?
— T.V.-video-opnemer?

Eksperimenteer of beproef u gereeld die volgende tegnieke/benaderingswyses/metodes

— dokumente?
— ander bronne-materiaal/bronnemetode?
— plaaslike geskiedenis?
— veldwerk?
— werkvelle?
— indiwiduele/groepprojekte?
— mini-lesings?

— dramatisering/skynverhore/besprekings?
— opvoerings/ander kreatiewe werk?
— speletjies of simulasies?
— modelle?

Probeer u om steeds u metodes af te wissel?

Hoe dikwels onderrig u 'n onderwerp wat vir uself nuut is?

Maak u 'n studie van die onderrigmetodes van kollegas?

Het u al spanonderwys beproef?

Is u betrokke by 'n geskiedenisklub?

Is u behulpsaam met studietoere/veldstudies?

3. DIE LEERLINGE

Hoeveel van u leerlinge/studente gaan voort met geskiedenis wanneer dit 'n keusevak word?

Hoe vergelyk dit met soortgelyke statistiek ten opsigte van die skool/provinsie/die land as geheel?

Kies leerlinge maar net die vak omdat die ander " 'n bietjie erger is"/'n noodsaaklike euwel is?

Betreur sommige hul keuse?

Vir hoeveel in u klas is dit 'n irrelvante/vervelige vak?

Trek u slegs gemiddelde leerlinge na die geskiedenisklas?

Hoeveel leerlinge wat die eksterne eksamen moet aflê, geniet werklik die lesse?

Gebruik u senior leerlinge om behulpsaam te wees tydens groepwerk van junior leerlinge of minder begaafde leerlinge?

Hoeveel konkrete materiaal gebruik u in u swakker klasse?

Hoe dikwels raak u goeie leerlinge betrokke in besprekings/verslae oor boeke wat hul gelees het? (in groepe?)

Leer u u leerlinge/studente om naslaanwerke en die mediasentrum effektief te gebruik?

Het u leerlinge toegang tot die skool se mediasentrum en geskiedenislokaal gedurende etenstye?

Hoeveel leerlinge/studente vra om geskiedenisleesstof huis toe te neem?

Hoeveel leerlinge lees gereeld historiese romans?

Hoeveel wil graag Geskiedenis as vak behou

— in die hoërskool/kollege/universiteit?
— omdat hul dit geniet?

Hoeveel is ontevrede as hul weens omstandighede/vakkeuse nie met die vak kan voortgaan nie?

Watter kontak het u leerlinge/studente al gehad met geskiedenisdepartemente van 'n kollege/universiteit?

Hoeveel leerlinge wil graag Geskiedenis as hoofvak in 'n graadkursus volg?

Hoeveel wil graag as vierdejaaronderwysstudent in Geskiedenis spesialiseer?

Hoeveel leerlinge/studente is vrywillig betrokke by geskiedenisbedrywighede van

— die Historiese Vereniging?
— skoolverenigings?
— veldwerk?
— uitstappies/kursusse?
— modellering?

Word elke leerling op sy regte baan geplaas?

Wat sou u leerlinge op u eie kwartaalverslag kon skryf?

4. EVALUERING

Gee, kontroleer en evalueer u gereeld tuiswerk/opdragte?

Moet u swakker leerlinge selfstudie onder toesig doen?

Is u nasienwerk op datum?

Is dit oorwegend positief in plaas van negatief?

Prys (aanmoedig) u eerder as om te blameer (af te kraak)?

Pas u u standaard van nasienwerk aan om te bemoedig of om te skok?

Verbeter u spelling, grammatika en styl?

Is u kantlynaantekeninge opbouend?

Skryf u gereeld 'n algemene opmerking aan die einde van 'n werkstuk/taak?

Toets u gereeld feite/kennis en begrip?

Wissel u u evalueringstegnieke af?

Beloon u puik werk?

Toets u vraestel kennis sowel as vaardighede doeltreffend?

Geniet u leerlinge die eksamen?

Gebruik u die eksamen as 'n onderrigmiddel?

Hoe hou u verslag van elke leerling/student se

— bekwaamheid?
— prestasie?
— belangstelling?
— inspanning?
— gesindheid?
— vordering?

Hoe korrelleer en koördineer u departement bostaande?

Wie besluit oor die bevordering van 'n leerling/student?

Verskaf u volledige en eerlike verslae/getuigskrifte?

5. LOKALE (KLAS- EN VAKKAMERS)

Is dit met een oogopslag duidelik watter vak in die lokaal onderrig word?

Pas die uitstallings teen die mure by dit wat onderrig word?

Is daar 'n tydkaart

— wat Geskiedenis as geheel dek?
— die sillabus van die betrokke groepe dek?

Word werk van die onderwyser en leerlinge/studente asook gekoopte items uitgestal?

Word die uitstallings gereeld vervang deur ander?

Help die leerlinge/studente met die keuse en uitstalling van items?

Word vertoonkaste optimaal benut?

Word museumkaste gereeld bestel?

Word items van ander instansies (ouers, argief, museum, ens.) geleen om uitgestal te word?

Word 'n spesiale deel van die aansteekbord gebruik om toekomstige gebeure te adverteer?

Is daar 'n deel vir kennisgewings van die Historiese Vereniging?

Is daar 'n uitstalruimte vir puik werk?

Is daar voorsiening gemaak vir die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels

— om modelle te maak?
— te dramatiseer?

— groepwerk?

Kan halfvoltooide modelle/tekeninge gebêre word sonder om chaos te veroorsaak?

Hoe word skyfies, strookfilms, bande, groot kaarte, plakkate, ens. gebêre?

Is naslaanwerke te alle tye vrylik beskikbaar vir leerlinge/studente?

Is daar 'n goeie woordeboek in die lokaal?

Is daar 'n klasbiblioteek?

Is daar 'n katalogus of indeks (kaartstelsel) vir beskikbare materiaal
— vir gebruik deur die leerlinge/studente?
— vir die personeel?

Is daar kruisverwysings ten opsigte van materiaal in ander biblioteke en ander departemente/vaklokale?

Het die onderwyser toegang tot skryfbehoeftes?

Het die personeel toegang tot die klaskamers/lesingkamers in die aande, naweke, vakansies?

Word die lokaal gebruik vir georganiseerde geskiedkundige aktiwiteite gedurende pouses, ens.?

Doen u u deel om die lokaal netjies en vry van beskadiging te hou?

Is dit 'n plesier om die lokaal te gebruik?

## 6. DIE HOOF VAN DIE DEPARTEMENT/VAKHOOF

Stel u as departementshoof belang in die vermoë van elke leerling/student wat die vak neem?

Probeer u om direkte kontak met elke klasgroep te hê?

Hoeveel is u belangstelling in
— onderrig van kollegas in die departement?
— hul professionele ontwikkeling?
— hul toekoms in die vakgebied?

Bespreek lede in u departement hul probleme, verwagtinge en belangstellings met u?

Volgens watter beginsels
— verdeel u die werk in die departement?
— beplan u die sillabus?
— word boeke en materiaal aangekoop?

Het mede-kollegas inspraak in bogenoemde?

Delegeer u?

Hoe effektief hanteer u die berging, katalogisering en uitreik van voorrade?

Gee u positiewe leiding in die departement?

Moedig u spanwerk aan?

Motiveer u genoeg om verbetering te bewerkstellig?

Skep u genoeg geleenthede vir eksperimentering?

Inspireer u u span?

Stel u vir hul uitdagings?

Moedig u aan waar nodig?

Oefen u druk uit wanneer nodig?

Moedig u informele besprekings aan?

Word departementslede aangemoedig om konferensies/kursusse by te woon?

Luister u na, en rig u besluite van mede-kollegas?

Het lede van u departement die vrymoedigheid om u hulp of advies te vra?

Dra u die sienswyse van u departementslede oor
— aan ander departement?
— die skool-/kollege-owerhede?
— na buite?

Dra u aan mede-kollegas oor
— besonderhede oor byeenkomste wat u bygewoon het?
— besonderhede oor skool-/kollege-beleid, ens.?
— u eie siening oor toekomstige beleid in die betrokke departement?

Verseker u die steun vir die departement van
— die inspektoraat?
— voorligters?
— plaaslike kolleges/universiteit?

Hoe hanteer/organiseer u die toesig oor en opleiding van
— studente wat waarneem?
— studente wat kom vir onderwyspraktyk (proefonderwys)?

Watter rol speel u in die aanstelling (adverteer, sifting, onderhoud) van nuwe kollegas in u departement?

Is u betrokke by die skryf van getuigskrifte vir departementslede?

Het mede-departementslede vertroue in u ten opsigte van bovermelde?

Sal u departementslede u mis as u vertrek?

## 7. DEPARTEMENTS-/VAKVERGADERINGS

Word formele vakvergaderings gereeld gehou?

Word 'n agenda vooraf beskikbaar gestel?

Word notule gehou?

Word dit normaalweg deur almal bygewoon?

Word dit as 'n "noodsaaklike euwel" beskou?

Wie stel onderwerpe vir bespreking voor?

Word die byeenkomste gebruik vir professionele groei?

Word daar verslag gedoen van kursusse wat bygewoon is?

Word departementele
— beleid bespreek?
— doelstellings bespreek?
— sillabusse bespreek?
— eksaminering bespreek?

Woon sprekers van buite soms die vergaderings by?

Is die skoolhoof/rektor verteenwoordig?

Word probleme bespreek?

Wie neem aktief deel aan die besprekings

Wie is almal bereid om 'n bespreking te lei?

Word besluite in die praktyk toegepas?

Is daar delegering ten opsigte van administratiewe werk van die departement?

Het almal deel aan die voorbereiding en maak van onderrigmiddels?

## 8. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Bestaan daar 'n Historiese Vereniging in u inrigting
— vir senior leerlinge/studente?
— vir junior leerlinge/studente?

Hoeveel kollegas is aktief daarme gemoeid?

Watter aandeel het leerlinge/studente aan die bestuur en funksionering van hul eie vereniging?

Verleen seniors hulp ten opsigte van die bestuur van junior verenigings?

Hoe gereeld kom die verenigings byeen?

Wat is die aard van die vergaderings?

Word dit goed bygewoon

— deur leerlinge/studente?
— geskiedenisonderwysers/dosente?
— ander belangstellendes?

Word sprekers van buite ook genooi?

Is daar gereeld kontak met soortgelyke verenigings van ander inrigtings?

Is daar interskool-kompetisies of sosiale aktiwiteite?

Word besoeke gereël na

— museums?
— plekke van historiese belang?
— lesings van verenigings vir volwassenes?
— uitstallings?

Word naweke soms vir aktiwiteite gebruik?

Het die vereniging al deelgeneem aan groter projekte soos

— kursusse?
— toere?
— argeologiese opgrawings?
— vakansies?

Is buitelandse besoeke al gereël?

Word dié aktiwiteite in die skool meegedeel

— deur kennisgewings?
— in nuusbriewe?
— in die jaarblad?

Verskyn daar verslae in die plaaslike pers?

Word navorsing gepubliseer?

Word die gemeenskap gedien deur

— aanbring van naamborde by gedenkwaardighede?
— organisering van roetes?
— uitstallings?
— op te tree as gidse/gashere? ens.

Neem ouers of ander belangstellendes deel aan die aktiwiteite?

Sal die vereniging gemis word as dit ontbind word?

Watter rol speel die vereniging ten opsigte van die eie inrigting se argief en geskiedenis?

9. OUERS

Hoe konsensieus is u ten opsigte van die voltooiing van kwartaalverslae/rapporte?

Is u gewillig om spesiale verslae oor indiwiduele leerlinge/studente te skryf?

Hoe deeglik berei u voor vir oueraande?

Is u gewillig om ouers te woord te staan?

Gebruik u departement oueraande vir die volgende?

— om konkrete verslae te lewer en leerlingaktiwiteite binne en buite die klaskamer?
— doelstellings, probleme en beleid te verduidelik?
— nuwe onderrigmetodes te illustreer?

Wat is u departement se houding teenoor ouer-onderwysersaande?

Hou u uitstallings

— van leerlinge se gewone klaswerk?
— spesiale projekte
— van algemene of plaaslike historiese belang?

Is ouers sekere dae welkom in die klaskamers?

Word ouers gereeld aangemoedig

— om behulpsaam te wees met groepwerk in die klaskamer?
— om behulpsaam te wees met navorsingswerk tuis?
— te help met projekte? (sic! J.O.)
— behulpsaam te wees by die Historiese Verenigings?
— kontrole tydens veldwerk uit te oefen?
— deel te neem aan uitstappies?
— vervoer te verskaf?

Is die inligting in die prospektus op datum?

10. HOE GOED PAS DIE DEPARTEMENT IN BY DIE ALGEMENE GEES EN FUNKSIONERING VAN DIE SKOOL/KOLLEGE

Verstaan elke onderwyser/dosent en leerling/student hoe Geskiedenis inpas by die kurrikulum van die kursus?

Beskou geskiedenisonderwysers/-dosente lede van ander departemente as mede-lede van 'n "klimspan" eerder as mede-deelnemers aan 'n wedloop?

Ondersteun die departement die algemene doelstellings van die moederinrigting?

Word kennis met ander departemente uitgeruil?

Word media aan ander departement beskikbaar gestel?

Het u begrip en simpatie met hul strewes en probleme?

Kru u soms die geleentheid om u eie doelstellings en probleme aan ander departemente te verduidelik?

Watter aandeel het u ten opsigte van voorligting waar vakkeuses ter sprake kom?

Watter rol speel u departement in die bespreking van

— algemene skoolbeleid?
— aanstelling van onderwysers/dosente?
— toesegging van onderwysers/dosente aan meer as een departement?
— die algemene kurrikulum?
— die rooster?
— die begroting?

Word die departement altyd geraadpleeg in verband met leerlinge/studente se keuse ten opsigte van

— Geskiedenis?
— verwante vakke?

Word daar by u departement navraag gedoen oor leerlinge wat aansoek gedoen het om betrekkings?

Watter rol speel u departement in die indiensopleidingsprogram van die skool/kollege?

Het die hoof/rektor, adjunkhoofde/vise-hoofde begrip vir u departement se doelstellings, prioriteite en probleme?

Is hul simpatiekgesind?

TEN SLOTTE

By die lees van bostaande het u seker vir uself kon uitmaak in welke mate dié sesjaar-oue vraelys vir ons in die R.S.A. relevant is. Hoe dit ook al sy, die departementshoof en die vakmanne onder hom/haar wat op sulke vrae konstruktief en positief kan antwoord, kan hom of haarself deel voel van 'n modeldepartement waar suksesvolle burgers vir die 21ste eeu voorberei word.

**VERWYSINGS**

1. Kyk ook, Jon Nichol, TEACHING HISTORY. Macmillan, London, 1984.
2. Miskien verskaf dit ook nuttige inligting vir daardie volgende onderhoud vir 'n bevorderingspos!!